# SASTRI KOLLEGE
## EERSTE KWARTAAL TOETS 2018
## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## GRAAD 8

AEQUAM SERVARE MENTEM

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eksaminatrise: | Mej. P. Govender | Punte: | 40 |
| Moderatrise: | Mev. A.B.B. Mullah | Tyd: | 1 uur |

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae
2. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye en 2 Afdelings :

   **Afdeling A - LEESBEGRIP - 20**

   **Afdeling B - TAAL - 20**

3. Begin elke vraag op 'n **NUWE** bladsy.
4. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Lees al die vrae aandagtig deur en voer die opdragte noukeurig uit.
6. Skryf netjies en leesbaar met 'n **blou pen.**

**AFDELING A**

**VRAAG 1 : LEESBEGRIP**

**Lees die onderstaande stuk noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**ONS FAMILIE**



www.shutterstock.com · 573435640

Die Duma-familie bestaan uit vader, moeder, 'n seun, twee dogters, Pa se suster tannie Sarah asook ouma Sisanda. Die seun se naam is Bonga en die twee dogters se naam is Dineo en Nicole. Bonga is 12 jaar oud, Dineo is 10 en Nicole is ses maande oud. Hulle het onlangs 'n nuwe huis gekoop en is baie dankbaar daarvoor. Meneer Duma is 'n hardwerkende werktuigkundige en sy vrou is 'n kleremaakster. Mevrou Duma werk nie lang ure soos haar man nie daarom lyk sy altyd goed en uitgerus.

Meneer Duma is baie streng. Hy wil hê dat sy kinders suksesvol in die lewe moet wees. Wanneer die kinders na skool tuis kom, moet hulle dadelik hulle skoolklere uittrek en al hulle tuiswerk voltooi. Net as al die tuiswerk klaar is, kan die kinders buite gaan speel. Bonga en Dineo hou baie daarvan om aan sport deel te neem. Bonga speel altyd sokker op die speelgrond in die woonbuurt en hy is 'n lid van die Sastri Sokker Klub. Saans kyk die gesin na hul gunsteling programme op televisie, maar sommige dae lees hulle boeke. Teen half nege moet die kinders bed toe gaan sodat hulle lekker fris die volgende dag vir skool kan wees.

Die Duma-famile het 'n vaste lewensroetine en hulle hou daarby.

**VRAE**

1.1. Uit hoeveel mense bestaan die Duma-familie? (1)

1.2. Watter soort werk doen meneer Duma? (1)

1.3. Watter soort werk doen mevrou Duma? (1)

1.4. Gee **een woord** wat duidelik sê dat mnr. Duma nie 'n lui persoon is nie. (1)

1.5. Waarom kon die kinders nie enige tyd buite gaan speel nie? (1)

1.6. Hoe weet jy dat Bonga moontlik baie fluks en vol energie is? (1)

1.7. Waaroor is die hele familie dankbaar. (1)

1.8. Watter **woord** sê vir jou dat mevrou Duma met naald en garing werk? (1)

1.9. Wat is die kleinste kind se naam en hoe oud is sy? (2)

1.10. Sê of die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR** is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

1.10.1. Die kinders kyk televisie net op naweke. (2)

1.10.2. Die kinders slaap saans om 9:30. (2)

1.11. Wat wil meneer Duma van sy kinders hê? (2)

1.12. Het Mevrou Duma ook so hard soos meneer Duma gewerk? Haal aan uit die stuk om jou antwoord te bewys. (2)

1.13. Wat is die verskil tussen 'n gesin en 'n familie? (2)


**[20]**

**AFDELING A : (20)**

AFDELING B

VRAAG 2 : TAALSTUDIE

**Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**



**2.1. Voltooi die volgende sinne soos aangedui.**

2.1.1. Skryf oor in die **Verlede Tyd**.
Die seun het 'n nuwe strandbal. (1)

2.1.2. Skryf oor in die **Toekomende Tyd**.
Die kinders speel op die strand. (1)

2.1.3. **Begin** met die **onderstreepte woord**.
Ek moet vanoggend baie vroeg opstaan. (1)

2.1.4. Skryf oor in die **Ontkennende Vorm**.
Daar was iemand by die water. (1)

2.1.5. Skryf oor in die **Verlede Tyd**.
Ma moet die die toebroodjies in die mandjie pak. (1)

2.1.6. Skryf oor in die **Ontkennende Vorm**.
Ek het êrens 'n roomys geëet. (1)

2.1.7. **Kies** die korrekte **Tyd**.
2.1.7.1. Die gesin geniet hulle ontbyt om 6 :30 (halfses / halfsewe). (1)
2.1.7.2. Ons moet om (drie-uur / drie uur) huis toe gaan. (1)
2.1.7.3. My Ma is veertig (jaar / jare) oud. (1)

2.1.8. Vul in die korrekte **Voorsetsel**. Skryf net die **nommer** en die **antwoord** neer.
2.1.8.1. Die gesin gaan vanjaar ________ vakansie Kaapstad toe. (1)
2.1.8.2. Ma en Pa ry ________ motor strand toe, maar die kinders loop ______ voet. (2)
2.1.8.3. Pa het ______ die groot stoel gesit en ontspan. (1)

2.1.9. Gee die **Intensiewe Vorm** vir die woorde tussen hakies.
2.1.9.1. Die see is (baie blou) en kalm. (1)
2.1.9.2. Almal het (baie moeg) aan die einde van die dag gevoel. (1)
2.1.9.3. Die son het die kinders se gesigte (baie rooi) gemaak. (1)

2.1.10. Skryf die **Afkortings** tussen hakies voluit neer.
2.1.10.1. Die gesin het (nm.) huis toe gegaan. (1)
2.1.10.2. My suster het tien (km.) op die strand gehardloop. (1)

2.1.11. **Kies** die korrekte antwoord.
2.1.11.1. Die kinders se (kleure / klere) is baie netjies. (1)
2.1.11.2. Ma het (verkeerd / vergeet) om haar sonbril te bring. (1)

**AFDELING B : (20)**

*************************************************************************

*TOTAAL : 40*